Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP DONDERDAG, 13 DESEMBER 2018 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, raadsheer T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, raadsdame M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl P E Solomons
Rdl O M Stemele
Raadsheer R F van der Westhuizen
Raadsdame M van Zyl

Ander raadslede:
Die Speaker, rdl M A Rangasamy

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

1. OPENING

Raadsheer R F van der Westhuizen open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Geen verskonings is ontvang nie.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 23 NOVEMBER 2018

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 23 November 2018 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

6. MAANDVERSLAG T.O.V. OKTOBER 2018

6.1 MUNISIPALE BESTUURDER (7/1/2/2-7)

BESLUIT dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Kantoor van die Munisipale Bestuurder, ingesluit vordering met die dienslewering- en begroting-implementeringsplan, vir die periode Oktober 2018.

6.2 FINANSIëLE DIENSTE (7/1/2/2-2)

BESLUIT dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag, ingesluit die artikel 71 MFMA-verslag, van die Direktoraat Finansiële Dienste vir die periode Oktober 2018.

6.3 KORPORATIEWE DIENSTE (7/1/2/2-1)

BESLUIT dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direkotraat Korporatiewe Dienste vir die periode Oktober 2018.

6.4 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-4)

BESLUIT dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direkotraat Siviele Ingenieursdienste vir die periode Oktober 2018.

6.5 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste rapporteer dat Eskom kennis gegee het dat daar geen beurtkrag beplan word tot middel Januarie 2019 nie.

BESLUIT dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktoraat Elektriese Ingenieursdienste vir die periode Oktober 2018.

6.6 BESKERMINGSDIENSTE (7/1/2/2-3)

6.6.1 PRETASIEVERSLAG
6.6.2 VERKEER- EN WETSTOEPASSINGSDIENS
6.6.3 BRANDWEERDIENS

BESLUIT dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslae van die Direktoraat Beskermingsdienste vir die periode Oktober 2018.

6.7 ONTWIKKELINGSDIENSTE

BESLUIT dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktoraat Ontwikkelingsdienste vir die periode Oktober 2018.

7. NUWE SAKE

7.1 SWARTLAND MUNISIPALITEIT: ONTWIKKELING VAN GROEIMODEL (8/2/2/1)

Die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk vir die Swartland munisipale gebied is in Mei 2017 goedgekeur en het ten doel om die ontwikkelingspotensiaal van gebiede te identifiseer.

Om hierdie ontwikkelingspotensiaal te benut moet daar vroegtydig beplan word vir die voorsiening van grootmaatinfrastruktuur en dienste soos benodig deur toekomstige groei en aanvraag. Die Groeimodel het dus ten doel om die toekomstige infrastruktuur behoeftes en beramings ten opsigte van ontwikkelingsheffings ingevolge artikel 93 van die Swartland Munisipaliteit: Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning te bepaal.

Op versoek van die Uitvoerende Burgemeester dat ’n werkwinkel gehou word om meer detail aangaande die Groeimodel met rolspelers te kommunikeer, stel die Munisipale Bestuurder voor dat dit geskied tydens die Wyke-terugvoersessie op 14 Februarie 2019.

7.1/...

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die Groeimodel wat ontwikkel is vir al die dorpe in die Swartland munisipale gebied met die doel om groeipatrone oor drie termyne, naamlik 5 jaar, 10 jaar en 20 jaar te bepaal. Die inligting wat as basislyn gebruik word om die groeikoers te bepaal identifiseer drie kategorieë waarbinne die onderskeie dorpe geklassifiseer kan word;

(b) Dat die betrokke kategorie wat aan elke dorp toegeken word die tydsraamwerk bepaal waarbinne beplannings- en begrotingprosesse moet plaasvind om die nodige dienste te vestig;

(c) Dat die verdigtingsmaatstaf binne die 5-jaar siklus van die Ruimtelike Ontwikkelingsplan hersien moet word, aangesien verdigting 'n beduidende impak het op die bereiking van parameters met verwysing na bevolking en grootte van huishoudings.

7.2 NUWE STRAATNAME VIR 'N GEDEELTE VAN ABBOTSDALE (16/5/6)

Daar is strate in die ou gedeelte van Abbotsdale wat nie oor 'n straatnaam beskik nie, en het die wykskomitee van Wyk 7 die voorgestelde straatname soos in die verslag voorgehou, oorweeg vir voorlegging aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

BESLUIT dat die straatname vir 'n gedeelte van Abbotsdale soos voorgehou in die verslag (plan gemerk "A") goedgekeur word en dat die Landmeter-Generaal dienooreenkomstig in kennis gestel word.

7.3 NUWE STRAATNAME VIR KALBASKRAAL (16/5/6)

Daar is groot gedeeltes in Kalbaskraal wat nie oor straatname beskik nie. Die wykskomitee van Wyk 7 het hierdie probleem geïdentifiseer en 'n lys van voorgestelde straatname beskikbaar gestel vir oorweging deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

Die Uitvoerende Onderburgemeester doen 'n beroep op die finansiële departement om baie noukeurig te werk met die uitstuur van munisipale rekeninge, aangesien daar heelwat oorvleueling van straatname in die onderskeie dorpe van die Swartland munisipale area is.

BESLUIT dat die nuwe straatname vir Kalbaskraal soos voorgehou in die verslag (plan gemerk "A") goedgekeur word en dat die Landmeter-Generaal dienooreenkomstig in kennis gestel word.

7.4 VERVREEMDING VAN ONROERENDE RESIDENSIëLE EIENDOMME GELEë TE GLEN LILY SUID, MALMESBURY (12/2/B)

Nadat die Raad goedkeuring verleen het vir die vervreemding van residensiële eiendomme geleë te Glen Lily Suid, Malmesbury het daar reeds by twee geleenthede publieke veilings plaasgevind, naamlik:

(1) Op 6 September 2018 beperk tot eerste huiskopers;
(2) Op 29 November 2018 aan enige belangstellende wat vir die veiling geregistreer het.

Na afloop van die veiling gehou op 6 September 2018 het die Uitvoerende Burgemeesterskomitee ses aanbiedinge aanvaar, waarvaan twee reeds onttrek het.

Die verslag het ten doel om die aanbiedinge ontvang op 29 November 2018 aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voor te lê vir oorweging en goedkeuring. Die Direkteur: Korporatiewe Dienste noem dat daar voorsien word dat uit die vier aanbiedinge wat ontvang is, daar ook twee onttrekkinge gaan wees.

Besluit/...

7.4/...

BESLUIT

(a) Dat die volgende aanbiedinge aanvaar word en goedkeuring verleen word dat die kapitale bates (eiendomme) oorgedra mag word aan die partye soos aangetoon:

Koper	**Erf no.**	**Aanbod**
Alexa de Villiers	10717	R152 000,00
Nomasango Dzadza	10693	R168 000,00
Mawethu & Babalwa Nkentsha	10733	R157 000,00
Ntembeko & Doris Nkqayi	10647	R150 000,00
TOTALE OPBRENGS		**R627 000,00**

(b) Dat kennis geneem word dat die verkoopprys (1) grondwaarde, (2) oordragskostes, (3) die kostes van uitklaring asook (4) 15% BTW insluit;

(c) Dat die oorblywende erwe uit-die-hand-uit op 'n 'first come first served' basis verkoop word, vanaf 'n datum om in the media bekend gemaak te word;

(d) Dat die reserwepryse (ooreenkomstig die oorspronklike raadsbesluit) vasgestel word op die munisipale waardasie vir die onderskeie eiendomme soos van tyd tot tyd bepaal, uitgesluit BTW, en dat alle addisionele en insidentele kostes, bv. die kostes van aktebesorging en uitreik van uitklaringsertifikate, vir die rekening van die koper sal wees.

7.5 TENDER L02.18.19: VERVREEMDING VAN ERF 5423, MOORREESBURG (12/2/B)

Die Raad het op 26 Oktober 2017 goedkeuring verleen vir die vervreemding van erf 5423, Moorreesburg vir gemeenskapsdoeleindes (plek van aanbidding). Die toepaslike grondgebruiks- en administratiewe stappe is deurloop.

Ten einde verder uitvoering te gee aan die raadsbesluit om 'n mededingende twee-fase bodproses te volg vir die vervreemding van erf 5423 is 'n uitnodiging om tenders in te win op 23 Oktober 2018 in die media geplaas. Teen die sluitingsdatum van 23 November 2018 is daar geen tenders ontvang nie.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word dat Tender L02.18.19 vir die Verkoop van Erf 5423, Moorreesburg nie toegeken kon word nie;

(b) Dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste goedkeuring verleen word om tegelegenertyd weer tenders in te win.

7.6 TENDER L03.18.19: VERVREEMDING VAN BESIGHEIDSEIENDOM TE ABBOTSDALE (12/2/B)

Die Raad het op 30 Augustus 2018 goedkeuring verleen vir die vervreemding van 'n besigheidserf, erf 1255 (groot 657 m²), Abbotsdale teen 'n reserweprys van R50 000.00 (BTW uitgesluit).

'n Mededingende proses het gevolg by wyse van die uitnodiging van tenders en teen die sluitingsdatum van 23 November 2018 is daar een tender ontvang.

BESLUIT

(a) Dat Tender L03.18.19 vir die verkoop van 'n besigheidsperseel, soos volg toegeken word:

	Erf 1255, Abbotsdale
RESERWEPRYS	**R 50 000.00**
Tenderaar	NO Mbobo
Finansiële aanbod (BTW uitgesluit)	R105 000.00

7.6/…

(b) Dat goedkeuring verleen word vir die oordrag van Erf 1255 soos voormeld.

7.7 HUUR VAN SPORTGERIEWE TE MALMESBURY (17/9/2/R)

Die Raad verhuur 'n spasie (groot ±63 m²) onder die Wesbank Gemeenskapsaal aan die *Malmesbury Weightlifting Club*. Die huurooreenkoms verstryk op 30 November 2018.

BESLUIT

(a) Dat 'n nuwe huurooreenkoms met *Malmesbury Weightlifting Club* aangegaan word vir die huur van spasie (groot ±63 m²) te Wesbank Gemeenskapsaal, Malmesbury, m.i.v 1 Desember 2018 vir 'n periode van twaalf (12) maande;

(b) Dat huurgeld van R120,00 per jaar, plus BTW, gehef word.

7.8 NOTULE VAN DIE PRESTASIE EN RISIKO OUDITKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 22 AUGUSTUS 2018 (5/15/1/3)

Die notule van die Munisipale Prestasie- en Risiko Ouditkomiteevergadering gehou op 22 Augustus 2018, is met die sakelys gesirkuleer.

Die komitee dien as 'n volwaardige onafhanklike komitee van die Raad en maak hoofsaaklik aanbevelings aan die Raad vir oorweging.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die notule van 'n Prestasie en Risiko Ouditkomitee-vergadering gehou op 22 Augustus 2018;

(b) Dat, soos aanbeveel, die kantoor van die Ouditeur-Generaal voortaan uitgenooi word na vergaderings van die Prestasie en Risiko Ouditkomiteevergaderings.

7.9 UITSTAANDE DEBITEURE: NOVEMBER 2018 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

Die Direkteur: Finansiële Dienste noem dat die uitstaande skuld van besighede vir November hoër is as gevolg van die beurtkrag wat op 30 November plaasgevind het, sowel as die optog wat veroorsaak het dat sommige besighede hulle deure vir die dag gesluit het.

BESLUIT dat die Raad kennis neem van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir November 2018.

7.10 AFSKRYWING VAN ONINBARE EN ANDER SKULDE: DESEMBER 2018 (5/7/3)

Nieteenstaande die feit dat deernishuishoudings subsidie op basiese dienste ontvang, en die kredietbeheerafdeling huishoudings daarop attent maak om veral water spaarsamig te gebruik, is daar van hierdie huishoudings se rekeninge wat maandeliks eskaleer. Die oorsaak van voormelde is hoofsaaklik die sosio-ekonomiese toestande waarin die meerderheid van deernishuishoudings hulself bevind, asook die hoër watertariewe. Die bedrag wat vir afskrywing voorgelê word is R1 614 038.21.

Ten opsigte van uitstaande debiteure wat oninvorderbaar is het die kredietbeheerafdeling alle moontlike pogings aangewend om gelde te vorder. Die totale bedrag wat vir afskrywing voorgelê word is R401 498.07 en kan daaraan toegeskryf word dat, byvoorbeeld, die rekeninghouer oorlede is, persone nie opgespoor kan word nie en rekeninghouers wat nie oor die finansiële vermoë beskik om enige betalings te maak nie.

7.10/...

Die Uitvoerende Burgemeester noem dat teenstrydighede opgemerk is wat bestudeer moet word. Dit is verder onrusbarend hoeveel deernishoudings meer as die toegelate water gebruik en moet dit oorweeg word om waterbeperkingsmeganismes (restrictors), ook in die Eskom-verspreidingsgebiede waar kredietbheer nie toegepas kan word nie, te laat installeer.

Die Direkteur: Finansiële Dienste noem dat wanneer teenstrydighede oorweeg word, dit slegs gedoen kan word aan die hand van die bestaande beleid. Indien die beleid nie toegepas word nie.

Die Direkteur: Finansiële Dienste noem verder dat indien die afskrywing van uitstaande skulde nie plaasvind nie, die uitstaande debiteure as 'n bate reflekteer en dit 'n aspek is wat streng deur die Ouditeur-Generaal gemonitor word.

BESLUIT dat die item oorstaan tot Januarie 2019 om geleentheid te gee aan raadslede om die lyste te bestudeer om moontlike teenstrydighede uit te wys.

7.11 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 30 November 2018 soos met die sakelys gesirkuleer;

7.12 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGPROSEDURES: DRINGENDE HERSTELWERK AAN DIE AANJAAGPOMP, CHATSWORTH RESERVOIR (8/1/B/2)

Daar is twee aanjaagpompstasies in die waternetwerk wat drinkbare water aan die gemeenskappe van Riverlands en Chatsworth voorsien. Een van die aanjaagpompe het onklaar geraak en dringende herstelwerk is benodig om deurlopend drinkwater aan die betrokke gemeenskappe te voorsien.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die Voorsieningkanaal-bestuursbeleid met die verkryging en aanvaarding van slegs een kwotasie vanaf *Tricom Africa* ten bedrae van R32 726.02 (BTW uitgesluit) en dat die goedkeuring van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word;

(b) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse soos volg aangeken word:
   (i) die aanjaagpomp sou vir 'n geruime tyd buite werking wees;
   (ii) met die gevolg dat die gemeenskappe van Riverlands en Chatsworth vir 'n geruime tyd nie van drinkbare water voorsien kon word nie;
   (iii) die herstelwerk aan die aanjaagpomp is as 'n noodgeval hanteer;

(a) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R32 726.02 (BTW ingesluit) verreken word teen mSCOA pos: 9/249-849-259;

(b) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.13 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGPROSEDURES: DRINGENDE HERSTELWERK AAN BELUGTER NO 2, MOORREESBURG RIOOLSUIWERINGS-WERKE (8/1/B/2)

Belugting is 'n baie belangrike proses in die suiwering van rioolwater en moet die korrekte hoeveelheid suurstof voorsien word om te verseker dat die gehalte van afvalwater aan die nodige standaarde voldoen en nie die omgewing besoedel nie.

7.13/…

Een van die belugters by die Moorreesburg Rioolsuiweringswerke het meganies onklaar geraak en is verwyder. Kundigheid is benodig om die omvang van die skade te bepaal en kan hierdie inspeksie slegs uitgevoer word deur ‘n toepaslike gekwalifiseerde diensverskaffer.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die Voorsieningkanaal-bestuursbeleid met die verkryging en aanvaarding van slegs een kwotasie vanaf *G W Trautman* ten bedrae van R39 654.73 (BTW uitgesluit) en dat die goedkeuring van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word;

(b) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse soos volg aangeken word:
   (i) die belugter sou vir ’n geruime tyd buite werking gelaat word sou die voorgeskrewe verkrygingsprosesse gevolg word;
   (ii) met die gevolg dat die biologiese reaktor nie optimaal funksioneer nie en die suiweringsproses in so ’n mate geaffekteer word dat die gehalte van uitvloeisel tot skade aan die omgewing kan lei;
   (iii) die herstelwerk aan die belugter is dus as ’n noodgeval hanteer;

(c) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R39 654.73 (BTW uitgesluit) verreken word teen mSCOA pos: 9/239-851-689;

(d) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.14 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGPROSEDURES: LAAT INDIENING VAN FINANSIëLE STATE (8/1/B/2)

Die Ouditeur-Generaal beskou die laat indiening van finansiële state soos vereis deur artikel 126 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA) as ‘n *material non-compliance* wat aanleiding gee tot ‘n *qualified audit with matters*.

Met die finalisering van die 2017/2018 Finansiële State is ‘n stelselfout gevind wat veroorsaak het dat die bateregister nie met die algemene grootboek balanseer nie deurdat waardeverminderingsyfers nie uit die program getrek kon word nie. Die Direkteur: Finansiële Dienste noem dat weens die kompleksiteit van die transaksies was die Munisipaliteit genoodsaak om geoktrooieerde rekenmeesters aan te stel om nie die proses van indiening verder te vertraag nie.

Die firma, *Ducharme Consulting (Pty) Ltd*, was reeds aangestel om behulpsaam te wees met die hersiening van die finansiële state, en is ‘n kwotasie vanaf die firma bekom om die onderskeie rekenkundige transaksies per hand te doen ten einde te voldoen aan artikel 122 van die MFMA.

Die Munisipale Bestuurder noem dat die Nasionale Tesourie ‘n omsendbrief in Augustus 2018 uitgereik het dat enige oponthoud wat deur mSCOA veroorsaak word nie in ag geneem sal word met die indiening van finansiële state nie. Swartland Munisipaliteit was egter nie bereid om finansiële state met wanvoorstellings in te dien nie.

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat voormelde strook met wat tot dusver aan die Ouditeur-Generaal voorgelê was in ‘n poging om ‘n skoon oudit te bekom.

BESLUIT

(a) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder om die dienste van *Ducharme Consulting (Pty) Ltd* te bekom, gekondoneer word;

7.14/…

(b) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse soos volg aangeken word:
   (i) die feit dat die finansiële state reeds laat was vir indiening is as 'n noodgeval beskou en deur die voorgeskrewe prosesse te volg sou die indiening met 'n verdere 10 dae vertraag word;
   (ii) deur die voorgeskrewe prosesse te volg sou verder ook 'n vertraging in die Ouditeur-Generaal se ouditprosesse veroorsaak;

(c) Dat die aanstelling van *Durcharme Consulting (Pty) Ltd* geïmplementeer word teen 'n bedrag van R79 830.00 (BTW ingesluit) en verreken word teen pos: 9/209-497-885 (finansiële state) in die 2018/19 begroting;

(d) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.15 BEGROTINGSBEHEERKOMITEE: 2018/2019–2020/2021 SPESIALE AANSUIWERINGSKAPITAAL- EN BEDRYFSBEGROTING: TEGNIESE AANBEVELINGS (5/1/4)

'n Spesiale aansuiweringsbegroting word genoodsaak deur addisionele befondsing wat ingevolge die *Division of Revenue Act (*DORA) in die Provinsiale Koerant, Nr 8005 gedateer 22 November 2018 afgekondig is. Verder is goedkeuring verleen vir die oorrol van fondse vanaf die 2017/2018 finansiële jaar, onder andere, vir beurse wat deur Provinsie toegestaan word.

Die volgende aanbevelings is deur die Begrotingsbeheerkomitee gehou op 11 Desember 2018 oorweeg vir aanbeveling aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, en word

BESLUIT

(a) Dat, gegewe die aansuiwerings, die Begrotingsbeheerkomitee dringend vergader het om die nodige verduidelikings en motivering van die finansiële personeel en ander direkteure te oorweeg;

(b) Dat in ag geneem moet word dat die veranderinge in die begroting geen impak op tariewe het ten opsigte van die 2018/2019 finansiële jaar nie, maar sal lei tot 'n vermindering in die begrote surplus (uitgesluit kapitale toekennings) van R10 951 610 na R10 914 610. Die aanpassings in 2019/2020 sal lei tot 'n vermindering in die begrote surplus (uitgesluit kapitale toekennings) van R38 991 425 na R15 211 425 en in 2020/2021 van R58 670 849 na R33 870 849 weens die Menslike Nedersetting se toekenning wat as inkomste begroot was maar geen bedryfs- en kapitaalprojekte gehad het toe die 2018/2019 MTREF begroting goedgekeur was in Mei 2018;

(c) Dat in ag geneem word dat die 2018/2019 spesiale aansuiweringsbegroting 'n impak het op die 2019/2020 en 2020/2021 buite finansiële jare se kapitaal, bedryfs- en balansstaat begroting as gevolg van die nuut goedgekeurde behuisingsprojekte en topstruktuur behuising begrotings wat skuif vanaf die bedryfsbegroting na die balansstaat begroting;

.

(d) Dat goedkeuring verleen word vir die oorrol van ongespandeerde WCFM Capacity Building Grant: Student Bursaries en WCFM Support Grant: Caseware befondsing soos goedgekeur deur Provinsiale Tesourie ten opsigte van die 2017/2018 finansiële jaar (verwys na besonderhede onder 2.2);

(e) Dat die aangepaste begrotingskedule soos vereis deur die Begroting en Verslagdoening Regulasies goedgekeur word, soos in **Aanhangsel B** uiteengesit;

(f) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die statutêre vereistes van die MFMA en dienooreenkomstig Nasionale en Provinsiale Tesourie inlig;

7.15/...

(g) Dat die Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) toepaslik dienooreenkomstig gewysig word;

(h) Dat goedkeuring verleen word om die kapitaal- en bedryfsbegroting vir 2018/2019, 2019/2020 en 2020/2021 as volg te wysig:

	2018/19 Oorspronklike Begroting	2018/19 Oorrol Aansuiwerings begroting	2018/19 Spesiale Aansuiwerings begroting	2019/20 Oorspronklike Begroting	2019/20 Gewysigde Begroting	2020/21 Oorspronklike Begroting	2020/21 Gewysigde Begroting
Kapitaalbegroting	R 87 245 909	R 94 009 363	R 102 890 363	R 97 544 038	R 124 324 038	R 123 974 860	R 148 774 860
Bedryfsuitgawes	R 698 278 426	R 699 811 714	R 676 259 498	R 711 223 093	R 711 223 093	R 730 314 794	R 730 314 794
Bedryfsinkomste	R 746 205 036	R 751 554 438	R 736 846 222	R 792 475 517	R 795 475 517	R 831 670 644	R 831 670 644
Begrote (- Surplus)/ Tekort	R -47 926 610	R -51 742 724	R -60 586 724	R -81 252 425	R -84 252 425	R -101 355 849	R -101 355 849
Minus Kapitaal Toekennings	R 36 975 000	R 40 791 114	R 49 672 114	R 42 261 000	R 69 041 000	R 42 685 000	R 67 485 000
(- Surplus)/ Tekort	R -10 951 610	R -10 951 610	R -10 914 610	R -38 991 425	R -15 211 425	R -58 670 849	R -33 870 849

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER